

Deur trauma na die lig

Maartens, Maretha, samest. 2006. **Deur trauma, boek 5.** Pretoria: LAPA Uitgewers. 312 p. Prys: R100,00. ISBN: 978-07993-3587-8.

Resensent: J-A. van den Berg
Departement Praktiese Teologie,
Universiteit van die Vrystaat

Die titel van hierdie boek, *Deur trauma*, dui betekenisvol daarop dat deur verantwoordelik te navigeer, die getraumatiseerde progressief kan beweeg van versmorende donker lewensruimtes tot 'n nuwe uitsig waarin die kleur van donker, lig is. Die boodskap van die boek is egter ook waarskuwend, naamlik dat deur 'n oneffektiewe baklei teen hierdie duisternis, trauma lewendig gehou kan word.

Met die publisering van hierdie boek, die vyfde boek in die *Deur trauma*-reeks, doen Maretha Maartens as samesteller die leserspubliek weereens 'n guns. Aan die hand van ses hoofstukke word

die leser deur kundiges vanuit vier dissiplines begelei om nuwe betekenis horisonne te vind in die ervaring van trauma. Die 26 medewerkers bied mediese, sielkundige, regs- en teologiese perspektiewe wat die leser verantwoordbaar begelei om nuwe koördinate te vind aan die hand waarvan 'n nuwe lewensoriëntasie gekarteer kan word. In die eerste hoofstuk bied 'n aantal sielkundiges 'n algemene en inleidende oorsig oor trauma. Traumaterreine wat voortspruitend hieruit verken word, is onder meer die trauma van gestremdheid en fisieke verlamming (Hoofstuk 2), die trauma van gemoeds- en persoonlikheidsversteuring (Hoofstuk 3) en die trauma van veroudering, verswakking en sterflikheid (Hoofstuk 4). Aan die einde van die hoofstukke word 'n uitgebreide databasis vir verdere toepaslike inligting oor enkele van die traumatemas gebied. Van verdere leesstof op die internet en boeke tot films en adresse met kontak inligting word aan die leser gebied wat graag verdere inligting benodig. Sommige van die inligting mag egter vir die kieskeurige leser as onnodig herhalend voorkom. Daar sou byvoorbeeld gevra kon word waarom dit nodig is om 'n volledige bibliografie (p. 224-238) te plaas as dit reeds op die internet beskikbaar is?

In Hoofstuk 5 word die landskap van die sielkundeberoep in Suid-Afrika besoek. Algemene vrae oor terapeute en benaderings, toetse en medikasie word met verantwoordbare perspektiewe beantwoord. In die laaste hoofstuk word 'n gesig aan die kundige medewerkers gebied wanneer hulle op 'n persoonlike wyse aan die leser bekendgestel word.

Persoonlike vertellings van persone wat self deur een van die traumabeelde geaffekteer is, bied integriteit aan die boek, wat die leser laat besef dat die perspektiewe nie net op teoretiese vlak is nie. Die verantwoordelike integrering van teorie en praktyk lei daartoe dat nuttige en verantwoordbare perspektiewe aan bod gestel kan word om die reis deur die skemerland van trauma te verhelder.

Die boek is redaksioneel netjies versorg en die teks word verder deur betekenisvolle aanhalings verryk. Ek beveel graag die boek aan vir almal wat geaffekteer word deur een van die bespreekte traumabeelde. Professionele en sogenaamde lekehulpverleners mag ook betekenisvolle perspektiewe uit die gesigspunte in die boek verkry. Die samesteller moet gelukkigwens word in die poging om professionele perspektiewe op so 'n wyse aan te bied dat dit toeganklik vir die algemene leser is.